



Wie is ons?
Visie en Missie Reeks
Nelspruit-Suid 2021

The central section features a blurred background of a red cross standing over an open book, with the title text overlaid on the right side.

Inhoudsopgawe

- 1. Inleiding**
- 2. Wie is jy? Wie is ons?**
- 3. Kernwaardes en God se suiwer Woord**
- 4. Jesus as die bron.**
- 5. Die Heilige Gees wat ons doop**
- 6. Om 'n toevlug en veilige hawe te wees vir ander (is omgee)**
- 7. Gebed**
- 8. Die gemeente se invloed**
- 9. Wees 'n ligdraer**
- 10. Ek en my huis bely hardop dat ons ligdraers van God is**

Inleiding

Wie en wat is Nelspruit-Suid gemeente? Dis 'n vraag wat elke lidmaat met gemak moet kan beantwoord. Dit is vir ons baie belangrik dat jy presies sal weet wat vir ons belangrik is en hoekom dit belangrik is en om dan altyd in gedagte te hou hoe ons dit wat vir ons belangrik is tot uitvoering sal bring.

Hierdie volgende paar weke gaan ons kyk na dit wat vir ons as gemeente belangrik is, sodat elkeen presies weet. Die vraag is wat maak ek nou met die inligting? As jy deel is van die gemeente of deel wil wees van die gemeente dan moet dit vir jou ook belangrik wees of word. Dan begin jy dit utoeleef.

Tydens die reeks gaan ons vir die volgende 9 weke stilstaan by ons gemeente se Visie, Missie en Kernwaardes.

Ons Missie definieer natuurlik ons doel. *Nelspruit-Suid wil by uitstek 'n **lewende gemeente** wees wat die **wonderbare Lig weerspieël** en in die naam van Jesus Christus gedring deur die Heilige Gees, die Alomteenwoordige God verheerlik.*

Ons Visie is dit wat ons graag wil wees as ons die missie utoeleef. Dit is om **Ligdraers van God te wees.**

Ons streef daarna om dit aan die hand van die volgende **kernwaardes** te doen:

- 🌐 **God se suiwer Woord** staan sentraal in ons woordverkondiging en verlig die pad waarheen ons gaan.
- 🌐 **Jesus Christus** is die bron van alle lewe en ons rots waarop ons gemeente gebou is.
- 🌐 Die **Heilige Gees** wat ons met vuur doop, rig ons voete op die pad wat God verlig.
- 🌐 Ons is 'n **warm toevlug en veilige hawe** in 'n donker ontstuiimige wêreld vir individue en gesinne wat God hierheen lei.

- 🌍 Ons as gemeente kniel in **nederigheid in gebed** voor die Almagtige God om sy Wil te doen.
- 🌍 Ons poog om **nie gelykvormig aan die wêreld** te wees nie, maar om dag tot dag die pad van heiligmaking te stap om nader aan God te lewe.
- 🌍 Ons is by uitstek **ligdraers**, want die liefde van God dring ons om uit te reik na ander sodat God verheerlik kan word.
- 🌍 Ons wil 'n verskil in ons onmiddellike omgewing maak deur sy Lig te weerkaats en sodoende **ons gemeenskap aan die brand te steek vir Christus** met die vuur van die Heilige Gees .

Dan sal ons saamstaan as gemeente en hardop bely:

" Ek en my huis by Nelspuit-Suid is ligdraers van God!"

Dit is ons gebed dat jy vir die volgende nege weke hierdie reis saam met ons geniet en mag die Heilige Gees jou vervul met Sy volheid en jy Nelspruit-Suid as jou geestelike tuiste vind.

Seenwense

Leraars (Jean, Louis, Gerrit)

Wie is jy? Wie is ons?

Wanneer laas het jy so bietjie na gedink oor wie jy is? Ons leef in 'n baie besige wêreld waarin ons min tyd inruim tot nadenke. Dit is egter belangrik dat ons gereeld sal nadink oor wie ek is en natuurlik wie ek wil en kan wees. Dit help ons om onself beter te leer ken en beter te verstaan. Soos ons elkeen ouer word en deur verskillende lewensfases beweeg, verander van die aspekte van wie ons is. Darem het ons nodig om te besin oor wat vir ons in die lewe belangrik is en wat die meeste saak maak. Wat is dit waaraan jy meer tyd moet spandeer en waaraan moet jy minder tyd spandeer sodat jy meer kan word dit wat jy graag wil en kan wees.

Dieselfde geld natuurlik ook vir ons as gemeente. 'n Gemeente is ook dinamies en groei en verander. As gemeente het ons ook nodig om soms vir 'n oomblik stil te staan en net weer mekaar te herinner aan wie ons is en wie ons behoort te wees asook aan wie ons behoort. Ons moet soos 'n seilboot wees wat die heeltyd ons seile en rigting aanpas na gelang van die wind en die eindbestemming wat ons wil bereik. As gemeente is die Heilige Gees natuurlik soos die wind na wie toe ons seile moet draai.

Daar is die mooi gesegde in Engels: *"If you aim at nothing, you sure going to hit it."* Dieselfde is ook waar vir ons as gemeente. As ons nie 'n gesamentlike doel het, gaan ons minder effektief leef soos God wil hê ons moet as gemeente leef. Daarom het ons 'n Visie en 'n Missie om ons te help om te definieer wie ons is. Dit herinner ons weer aan waar ons vertrekpunt is en wat ons doel hier op aarde behoort te wees.

Bepeinsingsvrae

1. Wat is 'n visie en 'n missie?
 - a. 'n Visie is 'n ideaal waarna gestrewe word.

- b. 'n Missie is die doelstellings/oogmerke van 'n Instelling wat help om die Visie te laat realiseer.
2. Lees weer mooi deur ons gemeente se Visie en Missie en dink so oomblik daaroor na.
- Wat val jou op of staan vir jou uit in ons Missie? Gesels met mekaar daaroor.
 - Hoe goed kan jy jouself vereenselwig met die Visie en Missie van die gemeente?
3. *Die vraag oor wie jy/ons is, gaan in wese oor identiteit. Identiteit is jou persoonlikheid, jou individualiteit, jou uniekheid. Elke persoon se identiteit word oor jare gevorm en ontwikkel. So het elke gemeente ook 'n identiteit wat oor jare gevorm is. Die identiteit van die lidmate is onlosmaaklik deel van die gemeente se identiteit omrede die lidmate saam die gemeente vorm. As Christene het ons ook 'n identiteit in Christus.*
4. Wie is jy in Christus?
- Skoongewas en Vrygespreek – 1 Korintiërs 6:11
 - Versoen – Romeine 5:10
 - Nuwe mens – 2 Korintiërs 5:17
 - Kind van God – 1 Johannes 3:1
 - Erfgenaam van God – Romeine 8:17
 - Gees ontvang - 1 Korintiërs 2:12
 - Heilig - Efesiërs 4:24
 - Tempel van God - 1 Korintiërs 3:16
 - Oorwinnaar – Romeine 8:37
 - Geseënd – 1 Korintiërs 1:5

5. Wat dink jy beteken 'n "lewende gemeente"?
 - a. Wat dink jy is nodig vir 'n gemeente om lewend te wees?

6. Watter gevare is daar wanneer 'n gemeente 'n lewende gemeente wil wees? Die waarskuwing in Openbaring 2:1-7 sal help met die antwoord.

7. Lees Handeling 2:43-47
 - a. Watter verskille en watter ooreenkomste is daar tussen eerste gemeentes en gemeentes vandag?
 - b. Watter beginsels oor gemeente wees, vind ons in Handeling 6:1-7?

8. Die belangrikste eienskap van 'n lewende gemeente is die uitleef van ware liefde. Lees weer wat leer 1 Korintiërs 13 vir ons in die verband.

9. Lees 1 Korintiërs 12:12-31 aandagtig deur.
 - a. Watter rol behoort jy as lidmaat te vervul om ons gemeente 'n lewende gemeente te laat wees?
 - b. Wat dink jy is die redes waarom lidmate nie hulle plek volstaan in die gemeente nie?
 - c. Watter gawes het die Here vir jou gegee om ander mee te dien? (1 Korintiërs 12:7)
 - d. Waar en hoe wil die Here graag jou gebruik in die gemeente?
 - e. Hoe kan jy ander help om hulle rol te ontdek en te vervul in die gemeente?

10. Ons word elkeen opgeroep om God se wonderbare Lig te weerspieël - 2 Korintiërs 3:18
 - a. Wat verhinder mense om dit te doen?
 - b. Wie of wat maak dit vir ons moontlik om dit te kan regkry?

11. Hierdie dinge moet ons nie doen om raak gesien te word nie, maar sodat God wat Alomteenwoordig is, verheerlik kan word deur ons as gemeente – Filippense 1:20

- a. Op watter maniere moet ons God verheerlik?
- b. Op watter manier sê 1 Petrus 4:11 moet ons God verheerlik?
- c. Wat se verskil maak God se Alomteenwoordigheid in jou lewe?

12. *‘n Lewende gemeente is een waar God altyd aan die hoof van die gemeente staan en waar elke lidmaat aktief hulle gawes in die gemeente aanwend sodat God se wonderbare Lig duidelik weerspieël kan word in die wêreld daar buite en God so verheerlik kan word.*

Samevatting en Afsluiting

- ❖ Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- ❖ Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- ❖ Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake en Notas:

Kernwaardes en God se suiwer Woord

Meeste van ons ken sekerlik die spreekwoord “Buig die boompie terwyl hy jonk is.” As dit by waardes kom, dan steek daar baie waarheid in die spreekwoord. Van kleins af leer kinders waardes aan en hoe ouer iemand is, hoe moeiliker raak dit om nuwe waardes aan te leer. Ons kinderdae speel ‘n wesenlike rol in die vorming van waardes.

Alle mense en groepe het ‘n stel waardes waarvolgens geleef word. Ons dink nie altyd daaroor nie, maar ons elkeen leef aan die hand van ‘n bepaalde waardesistiem wat ons van kleins af opgebou het. Waardes is baie belangrik omrede waardes jou gedrag bepaal. Jou waardes bepaal hoe jy reageer op mense en situasies.

Verskillende groeperinge leef baie keer aan die hand van verskillende waardesisteme en dit maak dit soms moeilik vir buitestaanders om deel van ‘n groep te word. Dink maar net daaraan hoeveel keer mens van persone hoor wat sukkel om aan te pas wanneer hulle immigrer omrede die nuwe land soms ander waardes het waarop hulle samelewing gebou is. As Christene is daar ook bepaalde waardes wat deel van ons waardesistiem behoort te wees.

‘n Waardes help ons om te definieer wie ons is en wat vir ons as Christene belangrik is. Die beste bron om te leer van God se waardes is natuurlik die Bybel. Die Bybel leer ons watter waardes deel van ‘n Christen se lewe moet wees sodat ons kan leef soos God graag wil hê ons moet leef. Die Bybel leer ons as gelowiges dat daar sekere Kernwaardes is wat deel behoort te wees van elke Christen se lewe. Kernwaardes wat nie onderhandelbaar behoort te wees nie. Die Kernwaardes help ons as gemeente om te weet hoe ons elke dag moet leef sodat die gemeente se Visie al hoe meer sal realiseer.

Bepeinsingsvrae

1. 'n Ander woord vir waardes is norme. Die Latynse woord daarvoor is *Norma* en direk vertaal beteken dit die “Winkelhaak” van 'n ambagsman.
 - a. Wat is die doel van 'n Winkelhaak en hoe is dit van toepassing op waardes?
 - b. Wie of wat het die grootste invloed gehad op jou waardes?
 - c. Wat se invloed het jou waardesisteem op wie en wat jy is?
 - d. Kry mens beter en swakker waardes? Hoekom sê jy so?
 - e. Hoe groot invloed het jou waardes op jou optrede?

2. Watter waardes dink jy behoort deel te wees van elke Christen se lewe?
 - a. Watter waardes leer Galasiërs 5:22-23 ons?
 - b. Watter van hierdie waardes is vir jou 'n uitdaging om teenoor ander mense uit te leef?
 - c. Wat kan jy doen om jou waardesisteem meer in pas met God se wil te bring?

3. Die Bybel is die belangrikste bron wat ons as Christene het om te leer watter waardes God graag wil hê deel van ons lewens moet wees.
 - a. Wat alles maak die Bybel anders as ander boeke?
 - b. Lees die eerste gedeelte in 2 Timoteus 4:16.
 - c. Hoe gereeld spandeer jy tyd met die Bybel?
 - d. Watter ander hulpmiddele kan jy gebruik om jou te help?

4. God se Woord is vir ons:
 - a. Lewe – Psalm 19:8
 - b. Vrede – Psalm 85:9
 - c. Lewenshandboek – Psalm 119:9
 - d. Skat – Psalm 119:72
 - e. Lig – Psalm 119:105

- f. Insig – Psalm 119:130
 - g. Padkaart – Psalm 119:133
 - h. Swaard – Efesiërs 6:16
 - i. Krag – Hebreërs 4:12
 - j. Aan wat kan jy nog dink?
5. Wat kan ons alles doen om God se woord 'n groter invloed in ons lewens te laat uitoefen en bogenoemde te laat realiseer in ons lewens?
- a. Wat leer Psalm 1:1-3 ons?
 - b. Wat sê Psalm 119:57 moet ons doen?
 - c. Wat moet ons die Here vra volgens Psalm 119:73?
 - d. Wat hoor jy in Psalm 119:114?
 - e. Watter beginsel is in Psalm 119:148 opgesluit?
 - f. Lees 2 Petrus 1:20-21. Wat moet ons dus doen alvorens ons Bybel lees?
 - g. In Jakobus 1:22-25 word God se Woord met 'n spieël vergelyk. Watter belangrike beginsels is in die gedeelte opgesluit?
6. In 2 Timoteus 3:14-17 skryf Paulus vir Timoteus rondom die belangrikheid van God se Woord. Paulus maak 4 stellings in vers 16 oor die waarde van die Bybel.
- a. Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte en hoekom?
 - b. Hoe belangrik is dit dat ons van kleins af kinders van God se Woord sal leer?
 - c. Kyk na die 4 stellings in vers 16 en gesels oor wat elkeen se implikasie is.
 - d. Wat beteken die woord “kweek”?
 - e. Wat behels die kweek van 'n regte lewenswyse dan?

7. Die Bybel kan egter ook gevaarlik gebruik word. Ons dink nie daarvoor nie, maar die Bybel kan maklik misbruik word wanneer die Bybel verkeerd gebruik en uit konteks aangehaal word. Deur selektiewe tekste en gedeeltes aan te haal uit die Bybel uit, kan jy amper enige standpunt staaf. Daarom is dit belangrik dat ons die Woord suiwer sal lees en verkondig.
- Op watter manier dink jy kan die Bybel misbruik word?
 - Wat kan/moet ons doen om nie ook die Bybel verkeerd te gebruik nie?
 - Lees Lukas 4:9-13. Wie probeer die Bybel misbruik? Gebeur dit vandag nog?
 - Op watter maniere gebeur dit wat Galasiërs 1:7 ons teen waarsku, vandag nog?
8. *Hoe meer tyd jy met die Bybel gaan spandeer, hoe groter invloed gaan dit op jou lewe uitoefen. Dit is egter belangrik dat ons Bybeltekste in konteks sal lees en sal seker maak dat ons verstaan van God se Woord so suiwer moontlik is. God se Woord is lewend en kragtig en help ons om reg te leef vanuit God se perspektief.*

Samevatting en Afsluiting

- ❖ Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- ❖ Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- ❖ Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake en Notas:

Jesus as die bron

Ek hou daarvan om by 'n kampvuur te sit. Om so om 'n vuurtjie te sit bring net 'n ander soort rustigheid by 'n mens. Dit gee jou kans om te ontspan en soms na te dink oor dinge. Veral as dit koud raak is 'n kampvuur heerlik. Hoe lekker is dit nie om op 'n koel aand om 'n warm kampvuur te sit nie. 'n Kampvuur trek mense nogal aan. 'n Kampvuur bring ook baie keer mense bymekaar. Hoe verder weg jy van die kampvuur sit, hoe donkerder en hoe kouer is dit. As jy te ver wegbeweeg dan voel jy nie meer die warmte nie en is jy in die donker omrede jy te ver weg van die bron beweeg het.

Jesus Christus is die bron van alle lewe. Sonder Hom is daar nie ware lewe moontlik nie. Net soos met die Kampvuur bring Jesus se teenwoordigheid 'n bepaalde atmosfeer, 'n rustigheid in mense se lewens. Ons sien in die Evangelies dat Jesus mense aangetrek het na Hom toe. Jesus het baie keer vrae gevra om mense te laat nadink oor hulle lewe en oor wat God die Vader van hulle verwag. Jesus bring 'n lig en warmte wat niks of niemand anders kan bring nie. As ons egter wegbeweeg van Jesus as dan voel ons al hoe minder van Sy teenwoordigheid en lig in ons lewens. Wanneer Jesus ver voel, is dit baie keer omdat ons te ver weg van Hom af beweeg het. Dan het ons nodig om weer aktief die keuse te maak om in Sy teenwoordigheid in te beweeg en Hom toe te laat om ons lewens te kom verlig.

Bepeinsingsvrae

1. Hoe sou jy vir iemand wat nog nooit van Jesus gehoor het nie, verduidelik wie Jesus is? Dink mooi oor wat is die wesenlike aspekte van Jesus wat jy met so persoon sal deel.

2. Jesus het self ook vir mense kom vertel wie Hy is. Jesus het dit onder ander aan die hand van die sogenoemde “Ek is – uitsprake” gedoen. Hoe raak dit ons as gemeente?
- Ek is wat Ek is – Johannes 8:24, 58
 - Ek is die Brood van die lewe - Johannes 8:24, 58
 - Ek is die Lig vir die Wêreld - Johannes 8:24, 58
 - Ek is die Ingang vir die skape – Johannes 8:24, 58
 - Ek is die goeie Herder - Johannes 8:24, 58
 - Ek is die Opstanding en die lewe - Johannes 8:24, 58
 - Ek is die Weg, die Waarheid en die lewe - Johannes 8:24, 58
 - Ek is die Wingerdstok - Johannes 8:24, 58
3. Die Bybel leer ons ‘n verskeidenheid goed oor Jesus. Gaan kyk wat die volgende belangrike gedeeltes vir ons alles vertel van Jesus en gesels saam daaroor.
- Johannes 1:1-18
 - Kolossense 1:15-20
 - Hebreërs 1:1-14
4. Jesus word verskillende Name gegee in die Bybel. Die name sê meestal iets oor wie Jesus is en oor Sy karakter. Watter van hierdie name/beskrywings van Jesus kan jy tans die sterkste mee assosieer?
- Verlosser
 - Herder
 - Broer
 - Raadsman
 - Alfa en Omega
 - Geneser
 - Alwetende
 - Alomteenwoordige

- i. Hoë Priester
- j. Leeu van Juda
- k. Lam van God
- l. Woord van God
- m. Profeet

5. Dink so bietjie na oor waarom Jesus Christus aarde toe gekom het. Maak 'n lys van redes waarom jy dink Jesus aarde toe gekom het. Met ander woorde wat het Jesus alles vermag tydens Sy tyd op aarde. Gesels saam daaroor.

6. Waarvan is Jesus Christus alles die Bron?

- a. Psalm 22:20
- b. Psalm 36:10
- c. Jeremia 17:13
- d. Lukas 1:14
- e. Romeine 15:5
- f. Hebreërs 5:9

7. Jesus is die rots waarop ons geloof gebou is.

- a. Wat leer Matteus 7:24-28 ons?
- b. Wat bedoel Romeine 9:33 met 'n "klip waaroor 'n mens struikel"?
- c. Gesels saam oor 1 Petrus 2:4-8 se betekenis.
- d. Hoe is Efesiërs 2:21-22 op ons as gemeente van toepassing?

8. Hoe duidelik is Jesus sigbaar in jou lewe?

- a. Wat is die gevolge wanneer ons van Jesus af wegdryf?
- b. Hoe lyk iemand se lewe wat Jesus Christus hulle bron en rots gemaak het?

- c. Wat gebeur wanneer Jesus nie volledig die hoof van 'n gemeente is nie?
- d. Hoe kan jy/julle help dat Jesus duideliker sigbaar in die gemeente word?

In Openbaring 3:14-22 kom waarsku Jesus die gemeente in Laodisea dat hulle lou is. Hulle is lou omrede hulle begin weg beweeg het van die bron Jesus Christus. Hy is nie meer die middelpunt van die gemeente se werksaamhede nie. Daarom moet ons as lidmate en gemeente altyd seker maak dat Jesus Christus die hoof van ons lewens en ons gemeente is en bly.

Samevatting en Afsluiting

- ❖ Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- ❖ Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- ❖ Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake en Notas:

Die Heilige Gees wat ons met vuur doop

Die Heilige Gees speel as derde persoon van die Drie-eenheid 'n baie belangrike rol in elke kind van God se lewe. Volgens Titus 3:5-6 is die Heilige Gees die Een wat aan jou nuwe lewe geskenk het en Jesus het Hom oorvloedig in jou lewe uitgestort. Hy is ook die een wat ons lei terwyl ons met verwagting uitsien na die wederkoms. Hy is ook as waarborg gegee dat daar vir ons 'n ewige tuiste is. Ek en jy kan dus nie funksioneer sonder die werking van die Heilige Gees nie. Dit is belangrik dat ons, ons verhouding met Hom in stand hou. Deur die werking van die Heilige Gees het ons die vermoë om Ligdraers in die wêreld te wees.

Bepelingsvrae

1. Vertel vir mekaar wat julle weet oor die Heilige Gees?
2. Hoekom dink jy maak mense so min gebruik van die Heilige Gees, terwyl Hy juis gestuur is om ons by te staan?
3. Lees Matt 3:1-12
 - a. Gesels oor die gedeelte...wat raak jou?...wat staan uit?
 - b. Wat beteken “doop met die Heilige Gees” binne die konteks van die teksgedeelte?
 - c. Wat dink jy bedoel Matteus as hy praat van “met vuur doop”?
4. Lees 1 Joh. 3:24
 - a. Wat beteken doop met die Heilige Gees binne hierdie konteks?
5. Wat dink jy is die verskil tussen doop met die Heilige Gees en vervul met die Heilige Gees?
6. Lees Ef. 5:18-20 en bespreek die invloed van die volheid van die Gees.
7. Hoe lyk jou verhouding met die Heilige Gees as Persoon?
8. Lees Joh. 14:15-21 en bespreek

9. Hoe kan 'n mens meer bewus wees van wat die Heilige Gees in 'n mens se lewe wil doen?
10. Lees Joh. 16:5-15
 - a. Hoe dink jy gaan die Heilige Gees te werk om Christus te verheerlik?
11. Tot watter mate help die Heilige Gees ons om Fil. 3:8, 10 te laat waar word in ons lewe?
12. Hoe verheerlik die Heilige Gees vir Christus in ons (gelowiges)?
 - a. 2 Kor. 3:18

Samevatting en Afsluiting

- ❖ Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- ❖ Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- ❖ Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake en Notas:

Om 'n toevlug en veilige hawe te wees vir ander (is omgee)

Elkeen van ons het een of ander tyd beskerming nodig. Ons het mekaar nodig om te oorleef. Niemand is gemaak om op sy eie te funksioneer nie. Ons is verhoudingsmense en 'n mens staan altyd in een of ander verhouding, al dit is net die verhouding met jouself. Somtyds loop dinge in die lewe skeef en dan wil 'n mens altyd jouself na iemand wend as toevlug. Soos wat 'n skip binne 'n hawe sy toevlug en veiligheid teen die storms op die see vind, so het ons as mense ook 'n toevlug en beskermingsplek nodig. Die Woord sê dat God beslis 'n toevlugsoord is. Hy is soos 'n veilige hawe waar ons beskerm word. Een van die kernwaardes van die gemeente is dat ons vir mense 'n toevlug sal wees. Dat hulle by die kerk 'n veilige hawe sal vind. Dit geskied natuurlik deur ons omgee vir mekaar en vir ander, daardeur bied ons vir mekaar en ander 'n toevlug en veilige hawe. Tydens die studie fokus ons op die wyse waarop ons, 'n toevlug en veilige hawe vir ander kan wees,

Besprekingsvrae:

1. Wat beteken dit om 'n toevlug en veilige hawe vir iemand te wees?
2. Dink jy die kerk is in vandag se tye 'n toevlug en veilige hawe?
3. In watter opsig is God vir jou 'n toevlug en veilige hawe?
4. Lees Ps. 91 en gesels daaroor in die konteks van toevlug en veilige hawe.
5. In watter opsig kan 'n gemeente 'n toevlug en veilige hawe wees?
6. Watter rol speel omgee in die proses om 'n toevlug en veilige hawe te wees?

Kom ons kyk bietjie na omgee met die doel om dan vir ander 'n toevlug en veilige hawe te wees.

1. Wat beteken omgee vir jou?
2. Dink jy mense gee vandag nog om ?
3. Het mense in die verlede meer of minder omgegee as vandag?
4. Wat is die verskil tussen 'n wêreldse omgee en Goddelike omgee?
5. Hoe weet jy wanneer iemand werklik omgee?
6. Dink jy Jesus se liefde is altyd betrokke by 'n omgee proses?
7. Hoe kan ons binne die gemeente vir mekaar omgee?
8. In watter opsigte het Jesus altyd omgegee (Fisies en geestelik)?
9. Bespreek Jakobus 2:14-17 in die lig van 'n omgee gemeenskap
10. Bespreek 1 Petrus 4:7-11 in die lig van 'n omgee gemeenskap
11. Bespreek die belangrike rol van liefde in die proses van omgee nav 1 Joh. 3:11-19 en Lees ook 1 Joh. 5:2 en dan Joh. 4:21

Samevatting en Afsluiting

- ❖ Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- ❖ Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- ❖ Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake en Notas:

Gebed

Gebed vorm deel van die basis van ons geestelike lewe. Gebed is daar omdat God daar is. Om te bid is om in God se kragveld in te beweeg. Watter verskil maak jou geloof aan jou gebedslewe? Kom ons neem 'n voorbeeld. As jy gewoonlik vir jou kinders vra om koffie of tee te maak dan doen hulle dit gewoonlik met groot moeite, as hulle dit later in die TV kamer inbring waar almal sit, kan 'n mens duidelik sien dat hulle nie baie gelukkig was met die uitvoer van die opdrag nie. Stel jou voor jou kind se vriend / vriendin kuier ook daar en jy vra dieselfde vraag. Let bietjie op na hulle gesindheid. Dit is heeltemal anders. Hulle wil graag koffie maak, hulle doen dit met 'n glimlag. Dit wil voorkom asof daar skielik 'n gesindheidsverandering plaasgevind het. Die nuwe persoon (vriend / vriendin) het dit veroorsaak.

- Watter effek het die feit dat jy in God glo op jou gesindheid tydens gebed?
- Wat is jou definisie van gebed?
- Watter rol behoort gebed te speel binne 'n gemeente?
- Hoekom dink jy skuif ons gebed so maklik op die agtergrond?
- Glo jy in die krag van gebed? Motiveer.
- Watter rol het gebed in Jesus se lewe gespeel?
- Wat dink jy beteken dit om volgens God se wil te bid?
- Lees Jak. 1:6 en bespreek dit
- Watter karakters in die Bybel het erns gemaak met hulle gebedslewe? Wat was die gevolg van hulle erns daarmee?

“Praying God’s will is being honest with him about what we want in prayer, but also surrendering our lives and the outcome of our prayers to him. It’s wanting our lives to align with God’s will more than our own desires.” (Heather Riggelman)

- Lees 1 Joh. 5:14-15 en gesels daaroor.

- Wat dink jy is God se wil vir jou? Sou jy saamstem as ek sê dat dit is om Hom beter te leer ken en toe te laat dat Hy deur jou werk? Dit beteken dat dit wat ek wil hê word op die agtergrond geskuif en God word 'n prioriteit.
- Lees 1 Tess. 5:16-18 asook Miga 6:8 en gesels daaroor.
- Wat kan jy doen sodat gebed 'n groter rol in jou lewe speel?

Samevatting en Afsluiting

- ❖ Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- ❖ Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- ❖ Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake en Notas:

Die gemeente se invloed

Ons poog om nie gelykvormig aan die wêreld te wees nie, maar om dag tot dag die pad van heiligmaking te stap om nader aan God te lewe.

Gelykvormig word is die roete van die minste weerstand, want dit is die maklikste weg om te volg, om aanvaar te word en om nie weggestoot of bespot te word nie. Wanneer 'n persoon anders probeer wees en nie gelykvormig aan 'n wêreld sisteem nie, dan staan daardie persoon gewoonlik uit. Dink aan Sadrag, Mesag en Abednego, toe hulle geweier het om gelykvormig te word deur te doen wat almal anders gedoen het voor die goue beeld van Nebukadneser. Almal kon gesien het dat hulle gestaan het en nie voor die beeld gebuig en dit aanbid het nie, terwyl die res van die mense voor die beeld gebuig het (Dan. 3:7-13).

Die probleem met die maklike pad stap van gelykvormigheid is dat dit 'n nabye verhouding vestig tussen die een wat gelykvormig word en die wêreld. Jakobus noem dit “vriendskap met die wêreld”. *“Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie?”* (Jak. 4:4).

Johannes die apostel noem dit om die wêreld lief te hê. *“Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in Hom nie. Die wêreldse dinge – alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.”* (1 John. 2:15-17).

Bepeinsingsvrae

- Wat beteken dit om gelykvormig te wees?
- Hoekom word mense gelykvormig aan die wêreld?
- Wat beteken gelykvormigheid vir jou getuie as Christen-gelowige in die wêreld?

Die Bybel is vol verhale van mense wat slagoffer geval het en gelykvormig geword het met hulle wêreld. Die verhaal van Abraham se neef Lot, is een so 'n voorbeeld (Gen. 13:2; 14:12; 19:1-26), asook die verhaal van die volk Israel, veral in die Rigters tydperk. Ook in die Nuwe Testament lees ons van persone soos Demas wat sy wêreld lief gekry het en vir Paulus verlaat het (2 Tim. 4:10). God se Woord leer ons hoe om gelykvormigheid met die wêreld teen te staan.

 Lees Romeine 12:2

- Onderstreep of omkring dit wat vir jou uitstaan of wat jou opval in die teksvers.
- Hoe word 'n persoon gelykvormig aan die wêreld?
- Wat is lokvalle van gelykvormigheid waarvoor 'n persoon moet uitkyk, om nie 'n slagoffer van dit te word nie?

Hierdie vernuwende denke, is 'n verstand wat herprogrammeer is om soos Christus te dink, om te onderskei die regte waarde van alle dinge, en om te wys wat is regtig goed en jou tyd en lewe werd. Dit is 'n verstand wat gefokus is om een ding te doen – die wil van God. Wanneer ons op God se wil gefokus is, sal ons weet wat belangrik is vir God en sal ons dit doen en sodoende 'n heilige lewe leef.

Petrus haal Levitikus 11:45 aan as hy skryf: “*Wees heilig, want Ek is heilig*” (1 Pet. 1:16, vgl. Ook Lev. 19:2; 20:26). So ons moet 'n heilige lewe leef, want God is heilig en Hy het ons afgesonder om aan Hom te behoort.

- Wat beteken heiligheid?
- Hoe kan ek 'n heilige lewe leef?

- Wat is die uitwerking van 'n heilige lewe?
- 📖 Lees Hebreërs 12:14.
- Wat sê dit vir jou oor 'n heilige lewe?
- Hoe kan ons mekaar motiveer om 'n heilige lewe te leef?

Heiligheid bevorder intimiteit met God en bou ons geestelike krag en stabiliteit (Ps. 15:1-5). Heiligheid maak ons bruikbaar en effektief vir God se wil (2 Tim. 2:20-26). Heiligheid in jou lewe sal die mense rondom jou God laat verheerlik (1 Pet. 2:9-12). Heiligheid bevorder vrede met God (2 Pet. 3:13-14). Heiligheid behaag God en dit produseer geestelike vrug (Ef. 5:1-17).

God roep ons om 'n heilige lewe te leef sodat ons vry kan wees van die slawerny en gevolge van ons sonde. Wanneer ons 'n heilige lewe leef, reflekteer ons God se karakter aan die wêreld. Ons word dan ligdraers in 'n donker wêreld wat die pad wys na Jesus Christus, die Verlosser.

- Probeer in een of twee sinne die kern van die studie saamvat.
- Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het prakties toepas as ligdraer van God?
- Maak tyd en kyk na jou lewe. Wat is die areas in jou lewe, wat gelykvormig is/word aan die wêreld? Hoe kan jy dit verander en 'n meer heilige lewe leef?

'n Paar praktiese riglyne vanuit die Bybel om nie gelykvormig te word aan die wêreld nie...

- Herken dat jy 'n nuwe skepping in Christus is (2 Kor. 5:17) en daarom is ons anders as hierdie wêreld, ons word geroep om op die regte manier vir God uit te staan.
- Vernuwe jou denke, deur God se Woord daaglik te lees (2 Tim. 3:16), dit voed jou siel en maak jou op en wakker om die duiwel en sy aanvalle teen te staan.

- Moet jou nie voed met die wêreldse dinge (wat in elk geval net tydelik is) nie, dit waarop jy jou fokus, gaan bepaal of jy gelykvormig gaan wees aan die wêreld en of jy gelykvormig gaan wees aan Jesus en 'n heilige lewe (Fil. 4:8).
- Leer om daaglik NEE te sê vir die wêreld en al die verleidelike dinge (Gal. 5:24). Sê ja, vir God se behoeftes, doel en wil in jou lewe.
- Vorm nuwe geestelike gewoontes en dissiplines – dit is gereedskap wat ons kan gebruik om ons af te sonder van die wêreld (1 Tim. 4:7). Om geestelike gedissiplineerd te wees is nie 'n eenmalige ding nie – dit is 'n manier hoe ons daaglik ons geestelike lewe uitleef.

Samevatting en Afsluiting

- ❖ Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- ❖ Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- ❖ Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake en Notas:

Wees 'n ligdraer

Ons is by uitstek ligdraers, want die liefde van God dring ons om uit te reik na ander sodat God verheerlik kan word. Ons wil 'n verskil in ons onmiddellike omgewing maak deur sy Lig te weerkaats en sodoende ons gemeenskap aan die brand te steek vir Christus met die vuur van die Heilige Gees.

Dink vir 'n oomblik hoe die wêreld sou gelyk het, as daar geen lig was nie – alles sou dood gewees het. Lig ontbloot duisternis. Lig openbaar verborge dinge. Dit is waarom die eerste ding waaraan God aandag gee met die skepping lig was (Gen. 1:3-4).

In die Bybel het die figuurlike gebruik van lig twee aspekte, die intellektuele en die morele. Intellektueel verteenwoordig lig die waarheid, en moreel gewys verteenwoordig dit heiligheid. Die figuurlike van duisternis het ook hierdie twee aspekte. Intellektueel verteenwoordig dit valsheid en onkunde, waar dit moreel gewys boosheid beteken. Ons sien dit in baie verwysings in die Bybel. Ps. 119:105 sê: *“U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad”*. Hier verwys lig na die intellektuele waarheid wat gesien/gevind word in God se Woord. In Romeine 13:12-14 verwys dit na morele dade en duisternis verwys na die immorele dade. *“Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem. Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort...”*

Bepeinsingsvrae

📖 Lees Matteus 5:14-16

- Onderstreep of omkring dit wat vir jou uitstaan of wat jou opval in die teksgedeelte.

- Jesus sê indirek dat dit “onmoontlik is”, of dalk anders gestel, “dit sal dom wees”. Waarvan praat Jesus? Wat bedoel Hy in verse 14-15?
- Wat beteken dit om 'n ligdraer te wees?
- Hoe kan ons ligdraers wees?

Gelowiges is ligdraers, want hulle ken God en die wêreld is donker, want dit verwerp die ware God (vgl. Rom. 1:21-23). Gelowiges is ligdraers, want hulle ken die evangelie en die Bybel (vgl. 2 Kor. 4:6), en die wêreld is donker, want dit verwerp die goeie nuus en die Woord van God (vgl. 2 Kor. 4:4). Vir ligdraers is die evangelie die krag en wysheid van God. Gelowiges is ligdraers want hulle leef reg en geregtig en die wêreld is donker want die wêreld leef dit nie (vgl. weereens Rom. 13:12-14).

Gelowiges word opgeroep om hulle ou dade van die duisternis te verwerp en hulleself te klee met Christus. Ef. 5:8-9 sê: “*Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig. Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is*”.

- Leef ons as gelowiges soos ligdraers?
- Maak ons 'n verskil in ons omgewing as ligdraers?

Ligdraers ontbloot die duisternis – “*Maar alles word aan die kaak gestel wanneer die lig daarop val*” (Ef. 5:13). Ligdraers gee lig af, en daardie lig verander die donkerte rondom dit. Die lig wat jy afgee, kan jou huishouding of werksplek of skool verander. Van nature is lig baie meer sterker as donkerte. Lig verander omgewings, net so kan jy as ligdraer jou omgewing verander (vgl. 1 Pet. 2:12).

Plante kan in 'n donker grot groei, solank as wat daar lig teenwoordig is. Navorsing wys vir ons dat 'n gebreekte been vinniger kan herstel wanneer dit sonlig absorbeer. Dit moet ook waar wees van ligdraers in 'n donker wêreld, soos wat ons Christus se lig skyn, sal familie, vriende, werkskollegas, bure en vreemdelinge groei. Is die mense rondom jou besig om te groei, besig om God beter te leer ken, besig om hulle houding en leefwyse vir die beter te verander.

Ligdraers gee nie net lig af nie, maar ook hitte. Dit is wat die Griekse woord phos beteken, dit is soos 'n vuur wat lig en hitte afgee (daarom dat ons jeug se Bybelskool dan ook PHOS genoem word, dit is 'n geleentheid, waar ons kinders hulle lig kan laat skyn en leer hoe om helder hulle lig te laat skyn, maar dit is ook 'n geleentheid, waar ons mekaar met die warm liefde van God kan ondersteun). Ons as ligdraers moet ook daardie warmte van God se liefde afgee aan ander wat dit nodig het.

- Hoe kan ons as ligdraers ons lig helderder laat skyn?
- Wat is die implikasies as ons nie ligdraers is in ons wêreld nie?

Om ons lig helder te laat skyn, moet ons nader groei aan Christus, wat die Lig is (vgl. John. 8:12). Bybel lees, bid, tyd spandeer aan en saam met God, dit is hoe ons groei in ons verhouding met God en hoe ons lig al hoe helder skyn. Ons moet ook gereeld saam met ander ligdraers bymekaar kom. Wanneer brandende kole by mekaar is, word die lig meer intens, warmer en brand dit langer. “*Julle is die lig vir die wêreld*” (Matt. 5:14). “Julle” is meervoud, so dit is nie net vir Christene as individue nie, maar ook vir ons as geloofsfamilie. Ons is meer effektief saam met mekaar. Maar die teenoorgestelde is ook die waarheid (vgl. Spreuke 13:20).

Psalm 115:1 som ons gesindheid as ligdraers mooi op: “*Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys*”.

Jesus se volgelinge word op geroep om die lig vir die wêreld te wees. Hulle kan nie wegsteek word nie, hulle lig moet skyn vir almal om dit te sien. Ons is hier op aarde geplaas om die Goddelike-kleure uit te bring aan 'n wêreld wat gehul is in duisternis en wanhoop.

- Probeer in een of twee sinne die kern van die studie saamvat.
- Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het prakties toepas as ligdraer van God?
- Waar kan jy hierdie week as ligdraer meer effektief jou lig gaan skyn?

Samevatting en Afsluiting

- ❖ Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- ❖ Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- ❖ Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake en Notas:

Ek en my huis bely hardop dat ons ligdraers van God is

Dan sal ons saamstaan as gemeente en hardop bely: "Ek en my huis is ligdraers van God!"

Elke dag maak jy baie keuses. Jy kies wat om aan te trek, wat om te eet, wat alles gedoen moet word deur die dag. In al hierdie keuses wat ons elke dag maak, dink ons ooit daaraan, vir Wie dit is wat ons dien? Maak ons al die keuses en doen ons al hierdie dinge maar net om onself en ons geliefdes te "dien" of sien ons en verstaan ons die grotere prentjie raak van God dien en sy koninkryk uitbou en opbou?

📖 Lees Joshua 24:14-25

- Onderstreep of omkring dit wat vir jou uitstaan in die gedeelte.
- Hoeveel keer kom die woord "dien" in die teksgedeelte voor? Wat sê dit vir jou oor geloof en toewyding aan God?

Op die ouderdom van 110 jaar het die opvolger van Moses, Joshua, al 'n harde pad gestap in die lewe, 'n lewe wat elke dag gevra het om die Here te kies te midde van omstandighede, onsekerhede en ongehoorsaamheid van 'n volk wat so swaar op Joshua se skouers gerus het. Hier aan die einde van sy lewe, is daar net een ding wat Joshua wil weet: Wat gaan elke huis in die volk kies, gaan hulle die Here God dien of weer verval en hulle afgode dien? Aan wie of wat gaan hulle, hulle totale toewyding gee?

📖 Lees weer Joshua 24:15.

- Wat behels hierdie belydenis van Joshua vir homself? Vir sy familie? Vir die volk Israel?

- As ons as gelowiges hierdie belydenis ook ons eie maak (soos verwoord hierbo “Ek en my huis is ligdraers van God”), wat behels dit vir ons? Wat vra dit van ons geloofsfamilie?

Hierdie belydenis/keuse/toewyding wat Joshua maak begin by ons elkeen as individu eerste. “*Wat my*” betref sê Joshua. God begin met die individu. Ek weet dalk nie wat ander gaan kies nie en ek kan nie vir hulle kies nie, maar “*wat my*” betref, daar het ek die keuse.

Wanneer ek daaglik daardie keuse maak soos Joshua het ek ook die mag van invloed. Joshua gaan aan met sy toewyding en sê “... en *my familie (huis)* betref, ons sal die Here dien.” My huis, gesin, familie, dis die mense wat die naaste aan my is – dit is die mense op wie ek 'n direkte invloed het. Wat is my invloed op my geliefdes? Maak ek hulle beter?

📖 Lees Romeine 14:7-8

- Is daar 'n ooreenkoms met wat Paulus in Romeine 14:7-8 sê en met dit wat Joshua sê in Joshua 24:15? Motiveer jou antwoord.

Hierdie keuse wat ons maak is 'n blywende een en dit gaan van een generasie na die volgende een. Ons keuse om die Here te dien begin en eindig nie by ons nie. Dit hou aan en aan wanneer ons kies om die Here te dien, dit gaan aan van geslag tot geslag. Joshua het gesê “*ons sal*” (Jos. 24:15). Dit begin alles by die inisiatief en keuse van een persoon wat ander beïnvloed. “*Ons sal*” impliseer dat ons kan en ons gaan doen wat ons gekies het.

Lees ons Joshua 24 verder aan vanaf vers 16, sien ons dat die volk gekies het om Joshua se voorbeeld te volg en God alleen te dien. Dit is wat gebeur wanneer een persoon kies om God elke dag te dien, dit is die invloed wat ons kan hê wanneer ons kies om God elke dag te dien.

Net soos die Israeliete in Joshua se tyd, het ons oneindig baie dinge wat ons voor God kan plaas, ons werke, ons sekuriteit, ons families en vriende, ons kinders se welstand, ons gesondheid, ons gemak, ons drome, ons prestasies en die

nastrewing tot 'n vervulde lewe. Ons mag dalk nie meer voor afgodsbeeldjies buig vandag nie, maar daar is baie dinge in ons lewens wat ons aandag aftrek vanaf God en wat God van ons vra en wat God vir ons gedoen het, steeds doen en nog gaan doen.

Die ironie is, is dat God die enigste Een is wat al ons bogenoemde (en ander) behoeftes kan vervul. Inteendeel al hierdie behoeftes is maniere waarin ons vir God kan kies, Hom kan dien en so verheerlik. In plaas daarvan dat hierdie aftrekkings/behoefte in kompetisie is met God, is dit juis die dinge/manier wat God in ons lewens wil gebruik om sy koninkryk en sy wil aan die wêreld wil bekend maak en jy is God se instrument daarvoor.

Joshua se uitdaging aan die volk is steeds ons uitdaging vandag: “... *kies dan vandag wie julle wil dien...?*” Die waarheid is of jy dit nou bewustelik of onbewustelik doen, jy is elke dag besig om te kies wie jy gaan dien en nie gaan dien nie. Ons almal gaan iemand dien, of die afgode van ons dag (wat die eie-ek ook insluit) of vir God.

- As jy moet eerlik wees met jouself, kies jy elke dag om die Here te dien? Wat is dit wat jou keer, of jou tyd in beslag neem of jou aandag aftrek om nie doelbewus elke dag vir God te kies en te dien nie?
- Wat kan jy doen om dit te verander?
- Hoe kan ons mekaar beter ondersteun om ligdraers te wees? Hoe kan ons mekaar ondersteun en verantwoordelik hou om hierdie belydenis elke dag uit te leef?

So ons leer vanuit hierdie rewolusionêre oomblik dat Joshua 'n bewustelikheid gebring aan die Israeliete, om te onthou dat al die voorsiening en versorging en oorlewing in die woestyntog was vanaf 'n liefdevolle God – en dit is ook ons herinnering vandag.

Om die Here te kies moet nooit gesien word as 'n gemaklike sitplek in 'n kerkbank nie, of 'n lidmaatskap tot 'n eksklusiewe wêreldwye-klub nie. Om die Here te kies moet nooit uitgestel word tot môre nie, of weggesteek word agter 'n sluier van

kompromie met die wêreld sisteem nie. Om die Here te dien is die mees belangrikste keuse van die menslike wil wat elke persoon eendag moet maak. Jesus het mos gesê om elke dag ons kruis op te neem en Hom te volg (Luk. 9:23).

- Probeer in een of twee sinne die kern van die studie saamvat.
- Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het prakties toepas as ligdraer van God?

Samevatting en Afsluiting

- ❖ Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- ❖ Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- ❖ Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake en Notas: